20 Februarie 2022

Gr R tot Gr 3

‘n **Saadjie** bly nie ‘n saadjie nie,
maar word ‘n **plant**!

1 **Korintiërs** 15:35-38, 42-50

voorbereiding

Neem saam:

- Vanielje geursel
- Cupcake en Vanielje melkie
- Wortel saadjies
- Watte
- Boontjie saadjies

bid **tyd**

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders
om te open met gebed.

gesels **tyd**

Neem Vanielje ekstrak saam klas toe en wys die botteltjie vir die klas. Daarmee saam ook ‘n wit vanielje capcake en ‘n vanielje melkie.

Wie van julle weet wat dit is? Wie weet hoe dit proe?
Dit is die geurmiddel vanielje wat koekies en melkies ekstra lekker laat proe. *Gee vir van die kinders die geleentheid om ‘n stukkie van die capcake te eet en ‘n slukkie van die melk te laat proe.*
As ons die koekie eet en die melkie drink, is daardie lekker smaak van vanielje daarin.
Maar kom ons proe hoe proe vanielje so alleen. *Laat iemand ‘n telepel vol proe.* Die smaak van vanielje net so alleen is gladnie lekker nie. Dit proe amper bitter en vreemd. Tog is koek nie lekker as daar nie vanielje in die beslag is nie.

Hierdie geurmiddel verander wanneer dit saam met ander bestandele gemeng word. Dit is nie meer soos dit in die begin was nie. Dis baie beter en gee ‘n spesiale smaak aan alle gebak.

Wie van julle hou van wortels? Dit kan wortel slaai ook wees?
Gee vir die wat hul hande opgesteek het, ‘n paar wortelsaadjies en vra of hulle dit sal eet?

gesels **tyd** (vervolg)

Die wortelsaadjies, lyk en proe gladnie soos lekker sappige oranje wortels wat ons uit die grond trek of in die winkel koop nie. Die saadjies sal jou ooknie versadig maak as jy dit moes eet nie. Vir die saadjie om ‘n wortel te word, moet dit geplant word, natgegooi word. Dan gaan die saadjie dood en begin ‘n wortel te groei wat ons op die einde van die dag kan eet, net so of in slaai of saam met ander groente.

Wanneer saadjies in die grond geplant word, verander hulle vorm heeltemal. Saadjies gaan dood in die grond en kry ‘n nuwe vorm en nuwe lewe en die plantjie groei en raak sterk en breek deur die grond.

Watter soorte saadjies het jy al geplant? Groent of vrugte? Bome of blomme? *Gee geleentheid dat kinders kan vertel oor die saadjies wat hulle geplant het en wat opgekom het.*

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

sing **tyd**

Liedjie: My God is so groot
My God is so groot, so sterk en so magtig
daar's niks wat my God nie kan doen!
My God is so groot, so sterk en so magtig
daar's niks wat my God nie kan doen!
Die berge maak Hy,
die riviere daarby,
die see en alles daarin.
My God is so groot, so sterk en so magtig
daar's niks wat my God nie kan doen!

Liedjie: Lees jou Bybel
Lees jou Bybel, bid elke dag, bid elke dag, bid elke dag.
Lees jou Bybel, bid elke dag,
want dit gee jou krag.
Want dit gee jou krag,
want dit gee jou krag.
Lees jou Bybel, bid elke dag,
want dit gee jou krag.

BYBEL tyd

Wanneer ons saadjies saai, weet ons dat wanneer die saadjie opkom, dit nie meer lyk soos wat dit gelyk het voor ons dit gesaai het nie. Terwyl dit in die grond is, gaan dit dood en verander dit in iets anders, beter en weer bruikbaar.

Paulus verduidelik vir die mense in Korinte, dat toe Jesus in ons plek doodgegaan het aan die kruis om ons sonde weg te was, het God in Jesus gewerk in die drie dae wat Hy dood was, en hom in 'n verheerlikte liggaam laat opstaan. Dit beteken dat Jesus nie meer dieselfde was soos voor Hy dood gegaan het nie. Sy liggaam was nou geestelik, soos vir God aanvaarbaar.

Dalk wonder jy hoe ons gaan lyk wanneer ons dood gegaan het, en weer sal opstaan wanneer Jesus gaan kom om ons te kom haal. Ons weet nie presies nie. Al wat ons wel weet is dat ons liggaam soos ons dit nou ken, anders sal wees wanneer ons uit die dood opgewek word, want net soos Jesus, sal ons dan ook in 'n geestelike liggaam opstaan.

Maar kom ons lees daarvan uit die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit 1 Kor 15:35-38, 44, 47-49

Uit die gedeelte sien ons dat toe Jesus dood gegaan het, het hy met 'n nuwe liggaam opgestaan. Net so sal dit ook met my en jou wees, want dan gaan ons nie meer op aarde lewe nie. Ons gaan nuwe liggame hê, soos Jesus, want dan gaan ons in die hemel bly.

Net soos saadjies doodgaan en verander en in 'n nuwe vorm uitkom, net so sal ons ook verander. Ons hoef nie daarvoor bang te wees nie. Niemand weet presies hoe ons sal lyk nie, en dit maak ook nie saak nie. Al wat saakmaak is dat ons sal word en wees soos Jesus bedoel het ons moet wees.

Maak dit jou opgewonde? Vra vir Jesus om jou hartjie opgewonde te maak om eendag vir altyd by Hom te wees.

doen & leer tyd

<u>Plant 'n saadjie.</u>

Dis belangrik om te verstaan dat wanneer 'n saadjie geplant word, dit doodgaan en verander sodat die nuwe plantjie kan lewe.

Deel vir elkeen 2 stukkies watte uit en een (of meer) saadjies. Mielie en boontjies werk maklik.

Moedig die kinders aan om die saadjie tussen die 2 stukkies watte te sit, dit nat te maak en op 'n piering te sit en in die ventersbank te plaas. Hou dit deur die loop van die week dop en kyk hoe dit verander.

Saadjies gaan mens nie elke dag oopkrap om te sien of dit verander nie, maar ons kan die watte maklik oplig om die verandering te sien.

Moedig kinders aan om vir iemand te gaan vertel wat hulle vandag geleer het.

groet tyd

Dankie Jesus dat U doodgegaan het, maar ook weer opgestaan het. Al verstaan ek dalk nie alles nie, weet ek dat U my liefhet, en dat U my ook sal verander om met 'n verheerlikte liggaam eendag by U te bly.
Amen



Plant ‘n saadjie.

Wanneer ons saadjies plant, gaan die saadjie dood en kom ‘n plantjie op. Dit lyk anders as die saadjie, vol nuwe lewe.

<u>Doen die eksperiment:</u>

Plaas ‘n saadjie tussen 2 stukkies watte en maak dit nat.
Sit die watte in ‘n piering of glasbakkie en sit dit in die vensterbank.
Kyk deur die loop van die week hoe die saadjie verander.